

Cordis Trust het die afgelope jare gegroei tot 'n betroubare genootskap in die bevordering van Afrikaans op vele terreine.

Ek plaas hier 'n effens verkorte weergawe van die visie en missie van **Cordis Trust**.

In opvolgende nuusbriewe vertel ons meer hiervan en plaas onderhoude met skrywers wat deur **Cordis Trust** geborg of gepubliseer is.

Besoek gerus ook die volgende webwerwe: www.cordistrust.co.za en www.storiessa.co.za.

C O R D I S

UIT DIE HART



Cordis Trust is in 2000 deur dr Fanie Marais as gedenktrust gestig en befonds vir deerniswerk, Afrikaanse woordkuns en geestelike bevordering. Dit het geen winsdoelwit of fondsinsameling nie en blootstelling is slegs ingestel op die bevoorreedes. Die benadering is inklusief, nie-polities en nie-mededingend.

T R U S T In dié jaar is die RAU/Mardene Marais debuutpryse vir skeppende Afrikaans ingestel.

Die begrippe TEATER VAN DIE LEWE (deernis); AFRIKAANSE WOORDKUNS (dig, skryf, drama, lirieke en kultuurhistories); en BOODSKAP VAN HOOP (geestelik) dien as uitgangspunte vir Cordis se werksaamhede.

Die klem in Afrikaanse woordkuns is talentvolle aspirant-kunstenaars wat met samewerking van erkendes in die literêre omgewing geleenthede kan kry wat dalk geslote sou bly.

Jeugstemme 2020 is 'n projek om jong mense by al drie die doelstellings van Cordis te betrek.

Cordis Trust het in 2010 begin met Orde-toekennings om besondere bydraes binne die drie hoofdoelwitte te erken. Die Orde van die goue Pen is vir voortreflike bydraes tot die bevordering van Afrikaans en dit is in 2015 uitgebrei na die Orde van die Beiteltjie vir ywer op 'n spesifieke gebied van die woordkuns.

Cordis Trust Publikasies het in 2011 ontstaan as 'n onafhanklike nispubliseerder om groter toegang tot publikasie te skep.

Bybel-Media se (Cordis) pryse vir gesins- en jeuglektuur; Christelike Lektuurfonds se skryfskole vir christelike jeuglektuur en christelike dramas in samewerking met RSG wys hoe gedeelde geesdrif in resultate omskep kan word. Die Orde-toekennings (29 Orde van die goue Pen en 25 Orde van die Beiteltjie) sedert 2010 het waarskynlik erkenning (eerder as prysgeld) in 'n nuwe dimensie geplaas.

Vroeg reeds het ek besef dat die omvang van die werksaamhede (en die gedokumenteerde planne) nie deur een persoon administratief uitgevoer kan word nie. Sedert 2011 is die klem op die registrasie van domeine, Facebook-blaaie en webtuistes met dokumentering van wat beoog word. Om verskeie praktiese redes is besluit om Afrikaanse woordkuns voortaan intern te bedryf onder die vaandel van die AFRIKAANSE WOORDKUNSAKADEMIE wat hoofsaaklik kuber- en projekgedrewe is binne 'n jaarlikse begroting wat op resultate ingestel is.

Die akademie, met slagsin, *Uit die hart, mond en siel*, word ondersteun deur die logo Aksie Afrikaans om die benadering van Taal sonder grense (TSG) en 'n globale Afrikaanse taalnetwerk (ATN) te bevorder. Belangrike hulpmiddels is die sosiale media en webwerwe gegrond op geregistreerde domeine. Voorbeelde is *Cordis Trust*, *Cordis Trust Publikasies*, *Woordpalet*, *Die Boektuiste*, *Skeppende mense*, *Stories SA* (tweetalige geleentheid), *Kunspalet*, *Notewoorde*, *Teater van die lewe*, *Boodskap van hoop* en *My Land SA* (tweetalige geleentheid).

S J Marais
Uitvoerende Trustee